

**Saterdag 14 Januarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 3:15-22**

**Fokusgedeelte: Lukas 3:22**

### **Jesus se doop met die Heilige Gees**

By Jesus se eie doop ontvang Hy die Heilige Gees. Die Gees daal op Hom neer in 'n sigbare gestalte soos 'n duif. Die duif laat ons natuurlik dink aan die duif van Noag. Met die doop van Christus kry die Heilige Gees dan die enigste en eerste rusplek op aarde, naamlik op Christus.

Die Gees daal egter nie net op Hom neer nie, maar bly ook op Hom. Dit illustreer dat God sy Seun met die Gees toegerus en gesalf het vir sy Middelaarswerk wat sou volg. Daarmee het Hy die Gees sonder enige beperking ontvang. Dit is die Gees waarmee Hy sy gemeente sal doop nadat Hy vir hulle gesterf het.

Op die dag van sy doop met die Heilige Gees ontvang Christus die volle salwing tot ons ewige Koning, maar ook tot ons enigste Hoëpriester en hoog-ste Profeet. Daarom is Hy Christus, die Gesalfde. Sy salwing is veral uniek en volmaak daarin dat Hy nie volgens die gebruik met olie gesalf is nie, maar met die Heilige Gees. So verleen die Heilige Gees aan Christus die krag om as Regeerder, Intreder en Wegwyser sy werk te kan verrig.

Deur die geloof is jy 'n "lid van Christus en daardeur het jy deel aan sy salwing" met die Heilige Gees (HK, Sondag 12). Regeer Hy as Koning oor elke aspek van jou lewe? Vertrou jy Hom werklik as Priester om vir jou in te tree? Luister jy na die Profeet se boodskap van waarheid, verlossing en hoop? Leef dan elke dag oorwinnend en diensbaar as koning, priester en profeet in en deur Christus!

*Sing: Psalm 116:9, 10 (1936)*

*Ds. DJA (Danie) Booyens (Koster)*